Kort Verslag
VGKSA Klassis Suid
Vrydag 14 September in die VGK Johannesburg

1. Opening deur die sameroepende kerk van Johannesburg
Ds. C. Kleijn laat sing Ps. 33:1 en 11 en open die verrigtinge met die lees van Psalm 25 en 'n oordenking n.a.v. die Skrifgedeelte. Hy gaan voor in die gebed.
In die besonder noem hy die beroep wat ds. Viljoen gekry het van die kerk van Pretoria waarvoor hy bedank het, die 50 jarige bestaan wat die kerk van Johannesburg onlangs gevier het en die beproewings wat Bethal getref het met die huweliksmoeilikhede van ds. Nel en die skielike afsterwe van sr. Du Preez, vrou van ouderling Du Preez van Bethal.

2. Ondersoek van en verslag oor geloofsbriewe deur sameroepende kerk
Namens Johannesburg het die Klassis skriba die geloofsbriewe ondersoek en in orde bevind. Die kerke is wettig verteenwoordig deur die primusse:
Bethal: oudl. P. Schoeman en oudl. E. Strydom
Johannesburg: ds. C. Kleijn en oudl. R. Meeske
Kaapstad: ds. E. Viljoen en oudl. B. Meijering
Ds. J.A. Breytenbach is aanwesig en neem sitting as adviseur.

3. Konstituering van die Klassis en verkiesing van die moderamen
Volgens die reëling is as voorsitter benoem ds. C. Kleijn en die deputaat skriba as die skriba. Omdat die aangewese ondervoorsitter nie aanwesig is nie, word ds. E. Viljoen deur verkiesing as ondervoorsitter aangewys. Die moderamen neem sitting en die klassis word gekonstitueer.

4. Instemming met die belydenis deur afgevaardigdes en adviseurs
Die afgevaardigdes en adviseur stem in met die belydenis van die kerke deur op te staan.

5. Verwelkoming van adviseurs en waarnemers
Die voorsitter verwelkom die sendeling wat as adviseur dien, ds. J.A. Breytenbach. Ds. H. Hefer van Brakpan het verskoning gevra.

6. Vasstelling van die agenda
Die agenda, soos versprei, word aanvaar.

7. Vasstelling van die notule
- Klassis 17 Maart 2007
  Die notule is vasgestel deur die moderamen en gestuur na die kerke. Die vergadering stel geen veranderings voor nie. Die destydse voorsitter en skriba teken die notule.

8. Sake uit die notule
Johannesburg se terugvoer oor adviseurs op die meerdere vergaderings bly oorstaan tot die volgende klassis.

9. Korrespondensie
Uitgegaan:
- Benoemingsbriewe vir deputate het uitgegaan
- Brief i.s. Waggeld reëling het uitgegaan na Klassis Noord

- Brief i.s. koördinasie eise aan die Sinodale kwestor
- Uitnodiging aan ds. H. Hefer en Brakpan vir bywoning klassis

Ingekom:
- Brief van die kerkverbandelike Administrateur i.s. datum Sinode in 2008. Die klassis is deur die vorige Sinode aangewys as die deputaat bededae en sal by die Sinode ŉ verslag moet inhandig. Kaapstad sal op die volgende klassis ŉ voorstel vir ŉ verslag maak. Op die klassis sal ook afgevaardigdes benoem moet word.

10. Voorstelle en instruksies
Geen voorstelle of instruksies het ingekom nie.

11. Ondertekening van die belydenis deur predikante volgens art. 53 KO
Die skriba sal vir die volgende vergadering ŉ ondertekenings formulier klaar hê. Al die predikante in die klassis sal gevra word op die volgende klassis die formulier te teken.

12. Preekbespreking
Johannesburg het ŉ preek van ds. Kleijn oor Levitikus 23:39-43 inhandig vir bespreking.
Die ondervoorsitter het die bespreking gelei. Hy wys die vergadering op die bedoeling van hierdie bespreking, om mekaar te help ook by die eksegese en voordrag.
Br. Strydom wys op die mooi boodskap wat uit die preek vore kom. Ds. Viljoen wys daarop dat die preek ŉ dankdag preek was en dat die struktuur eenvoudig is en die teks volg. Die tema sê waar dit in die teks oor gaan. Br. Meeske sê die jeug het ook die preek goed kon volg. Ds. Kleijn antwoord op ŉ vraag dat die formulering van ŉ tema van die tipe teks afhang. ŉ Kort tema is baie algemeen. Die tema moet tog die teks laat uitkom. Ds. Viljoen wonder of die saak van die tiendes in die preek uitgelos kon word, omdat dit nie funksioneel was in die konteks van die preek nie.
Na aanleiding van die bespreking word gevra of ons dalk nie ŉ droogte aan beskikbare leespreke het nie. Vasgestel word dat verskeie broeders in verskeie gemeentes verskillende preke het, wat hulle dan moontlik vertaal, terwyl dit moontlik reeds gedoen is. Daardie vertaalde preke is nie almal op die webwerf beskikbaar gestel nie. Voorgestel word om dit te gaan koördineer. Br. Frits Raimond van Kaapstad sal gevra word as koördineerder op te tree. Dit hou in die kontak met die verskeie gemeentes asook die webwerf.

13. Beswaarskrifte
ŉ Beswaarskrif word in kamera behandel.

14. Versoeke vir dag van verootmoediging
Geen versoeke het ingekom nie.

15. Verslae van benoemde deputate
- Kategese materiaal
  Mondeling word deur die aanwesige deputate meegedeel dat geen vergadering kon gehou word nie, maar dat die vergadering versoek word die opdrag te kontinueer. Die klassis besluit volgens die versoek.

- Kontrole van die argief
  Geen verslag het ingekom nie. Die klassis besluit dat die kontrole slegs een keer per jaar sal plaasvind voor die eerste klassis van die kalenderjaar.

- Kerk wat dag van verootmoediging uitroep
  Op die vraag van Kaapstad hoe om die saak te hanteer, word verwys na die besluit van 17 Maart 2006.

- Kerk vir kontak met Brakpan
  Bethal laat weet dat geen vergaderings met Brakpan gehou kon word nie. Klassis besluit die opdrag te kontinueer.

- Klassis reglement, visitasie reëls en eksamens
  Die aanwesige deputaat doen mondeling verslag. Die vertaling van die eksamen reëling is nie gedoen nie, vanweë gebrek aan tyd. Opgemerk word dat as ’n mens die eksamen voorstel van klassis Middelburg (Ndl.) vergelyk met byvoorbeeld die ou eksamen reëling van klassis A, dat daar verskille is wat ons dalk eers wil bestudeer, voordat ons ’n besluit neem oor die reëling. Die klassis besluit om hierdie studie te voeg by die opdrag aan deputate. Die klassis besluit ook deputate voorbereiding eksamens aan te wys, wat die moontlike eksamen in Februarie 2008 volgens die eksamen reëling van klassis A sal voorberei.

- Deputaat skriba
  Die deputaat doen mondeling verslag. Die finansies word voorgelees en dit blyk daar is nog ’n tekort. Die betaalde kwota moes die eise van twee jare betaal. Die klassis besluit die kerke opnuut ’n bydrae van R5 per siel te vra.

16. Benoeminge

- Kategese materiaal
  Sr. M. De Mooij (sameroeper), di. C.F. Nicholson, J.A. Breytenbach en E. Viljoen
- Voorbereiding eksamens
  Br. A. Van der Lugt (Sameroeper) en K. Van der Linden, beide van Kaapstad
  Die instruksie is om volgens Artikel 13 van die ou klassis A reëling die eksamens voor te berei met die bevoegdheid om mense te benoem wat die preekvoorstelle kan hanteer en met die bevoegdheid om die eksaminatore aan te wys, eventueel van buite die klassis.
- Visitatore volgens artikel 44 KO
  Di. C. Kleijn (koördineerder), P. Nel en E. Viljoen
  Sekundi: Oudl’e H. Snijder, N. Du Preez en B. Meijering
- Argiefbewarende kerk
  Johannesburg
- Kontrole van die argief en klassis kas
  Br. D.A. Byker en sr. M.A. Bijker (sameroeper) beide van Johannesburg
- Kerk wat dag van verootmoediging voorstel
  Kaapstad
- Kerk vir kontak met Brakpan
  Bethal
- Deputaat Skriba en tesourier
  Br. A.W. Herder
- Deputate reglement en visitasie reëls
  Br. A.W. Herder (sameroeper) en oudl. H. Snijder

17. Rondvraag n.a.v. artikel 41 KO
Nagmaal viering in die aanddienste
Bethal het gevra na die Nagmaalsviering in die aanddienste. Mag die gemeentelede, wat reeds in die oggend Nagmaal gevier het, weer aangaan aan die tafel in die middae om so die gemeenskap van die heiliges aan die Nagmaal te onderhou?
Kaapstad noem hulle het nou net in die oggende Nagmaal, maar hou dit ses maal in die jaar. Bethal wys daarop dat hulle voor die viering van die Nagmaal al die adresse in die gemeente besoek. Ses besoeke in die jaar sal baie werk wees. Johannesburg het ook ses maal in die jaar Nagmaal slegs in die oggende. Dalk motiveer dit die mense om al die moontlike te doen om tog in die oggende aanwesig te wees.

Ds. P. Nel
Ds. Nel is op verlof vanweë die huweliksmoeilikhede. Hy is nie onder sensuur nie. Hy kan dus na verlof van die kerkraad voorgaan. Bethal vra die kerke om die kerk en ds. Nel in die gebede te gedink. Die kerke bied aan om die predikante beskikbaar te stel vir dienste in Bethal. As Bethal die rooster aanstuur kan die predikante datums gee wanneer hulle in Bethal kan voorgaan.

Johannesburg noem dat ds. P.J. Retief met hulp van deputate artikel 11 KO word versorg. Sy traktement is verhoog na die kry van inligting.
Ds. Van der Linden is nog baie siek en huidiglik word gesoek naar ’n ander woonplek. Min werk kan deur hom gedoen word.

18. Persoonlike rondvraag
Dank word uitgespreek vir die goeie sfeer tydens die vergadering asook vir die goeie leiding van die vergadering.
Br. Schoeman sê dankie vir die gebede en liefde gewys deur die kerke.

19. Aanwys van sameroepende kerk en vasstelling van tyd en plek van die volgende Klassis
Vanweë die moontlike eksamens van studente uit die Kaap word besluit dat Kaapstad die volgende vergadering sal saamroep op Vrydag 22 en Saterdag 23 Februarie 2008. Begin sal word om 10:00 uur. Hierdie datum is gekies met die oog op die Sinode wat vir Mei 2008 beplan is. Deputate artikel 49 KO word deur die skriba in kennis gestel van die moontlike eksamen. Die eventuele boekings van vlugte sal gedoen word deur die skriba en hy sal die eise inhandig by die kwestor.

20. Vasstelling van die notule en kortverslag
Die kortverslag word gedoen deur die skriba binne twee weke. Die notule word versorg deur die skriba en goedgekeur deur die moderamen binne ’n maand.

21. Sensuur volgens artikel 48 KO
Hier word geen gebruik van gemaak nie.

22. Sluiting
Die ondervoorsitter sluit af met dankgebed.

A.W. Herder, Skriba